**17 April**

## Ook ons in die kerk kan swig voor versoekinge

**Skrifgedeelte: Handelinge 4:31 – 5:11 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Handelinge 5: 3**

Jou mooi naam of die eer en aansien wat jy geniet – onder mense, in die gemeente – is geen vrywaring teen versoekinge nie! Annanias het die mooi naam gedra van *Die Here is genadig*, maar hy het die genade van die Here geminag. Saffira beteken *Die mooie*, maar haar optrede laat haar innerlike skoonheid mis. Versoekings kan ons lewe na buite en voor God nutteloos maak.

Hier was twee mense in die kerk. Meelewende lidmate wat gedeel het in die gemeenskap van die heiliges. Hulle het ook die Heilige Gees ontvang (4:31). Hulle het gesien hoe mense na ander in nood uitreik. Hulle was besonderlik bewus van Barnabas se daad (4:36). Maar tog, hulle, hierdie lidmate, laat toe dat versoekinge hulle beetpak; dat hulle slagoffers van sonde word. Die besondere aansien wat mense soos Barnabas geniet het, begeer hulle ook. So kom Satan voor hulle deur en maak harte wat gevul was deur die Gees vol van hom (vs 3, OAV). Daarom doen hulle ’n ding wat dit na die werk van die Heilige Gees laat lyk, maar ’n blote nabootsing was. Die krag van versoeking beproef die Heilige Gees deurdat hulle maak asof dit Hy was wat in hulle gewerk het. Dit gebeur wanneer jy swig voor die versoeking van eer en aansien.

In ’n gemeente waar die Heilige Gees so in ’n hoë mate gewerk het, het mense die slagoffers van sonde geword. Natuurlik kon Annanias en Saffira berou gekry het en hierdie sonde bely het. Petrus gee die geleentheid daartoe aan Saffira (vs 8). Wie onder skuldbesef en berou die genade van die Here soek, sal nooit deur Hom uitgewerp word nie. Die bloed van Jesus bedek alle sonde.

Ons in die kerk is nie vry van versoekings nie. Waak dan en bid dat jy nie in versoeking kom nie.

*Sing: Psalm 34:6 (1936-beryming)* *Ds. Lourens Aucamp (Emeritus)*